



MAAND IN OORSIG: NOVEMBER

PLAASLIKE MARKTE

- JSE SKUD DRIE MAANDE VAN DALINGS AF

Die JSE het in Novemer drie agtereenvolgende maande van dalings afgeskud en met 'n stewige 8.4% gestyg teenoor Oktober (+3.4% jaar tot datum). Die aandeelpryse van nywerheidsmaatskappye was van die beste vertoners en die Indi-25 het maand op maand 10.4% hoër gesluit (+14.6 jaar tot datum), gevolg deur die Fini-15 (+8.6% maand op maand en +9.3% jaar tot datum). Die SA Genoteerde Eiendomsindeks was maand op maand 7.7% hoër (-6.2% jaar tot datum). Die Resi-10 het die maand 5.9% hoër afgesluit (-17.7 jaar tot datum), gesteun deur goeie vertonings vir die aandeelpryse van die goudmynmaatskappye. Die groter aandele op die beurs, gemeet aan markkapitalisasie, het fluks gestyg – BHP Group was 8.2% hoër en Anheuser-Busch InBev 11.4% hoër. Prosus, die derde grootste aandeel op die beurs, en Naspers het albei met 19.4% gestyg. Die aandeelpryse van Richemont, British American Tobacco, Glencore en Anglo American Plc het maand op maand onderskeidelik met of 6.1%, 7.7%, 8.2% en 7.3% gestyg.

Transaction Capital se aandeelprys het in November verder herstel en was die beste vertoner vir die maand, hoewel van 'n lae basis. Die maatskappy se aandeelprys het in Oktober met 15.2% gestyg en het November 44.2% hoër afgesluit, 'n aanduiding dat beleggersvertroue in die bestuurspan het om 'n ommeswaai in sakebedrywighede te bewerkstellig. Jaar tot datum is die prys egter steeds 78.9% laer. Harmony Gold Mining was in die tweede plek met 'n styging van 35.4%. Die mynmaatskappy se prys het goed gestyg ná die bekendmaking van stewige kwartaalike verkope en produksie. Die sementvervaardiger PPC (+30.8% maand op maand), was in die derde plek nadat die maatskappy goeie handelsyfers en ook goeie resultate vir die eerste helfte van sy finansiële jaar bekend gemaak het. Brait Plc (-23.5% maand op maand) het die slegste gevaar, gevolg deur Thungela Resources (-13.2% maand op maand) en Sibanye Stillwater (-13.0% maand op maand).

INFLASIE HOËR, RENTEKOERS ONVERANDERD

Die inflasiesyfer het in Oktober tot 5.9% jaar op jaar gestyg (September 5.4% jaar op jaar), grootliks danksy stygende voedselpryse en ook die pryse van nie-alkoholiese drankies, behuising en dienste en vervoerkoste. Inflasie is nou naby die SA Reserwebank (SARB) se teiken van maksimum 6%, maar die verwagting is dat dit in komende maande sal daal wanneer die impak van laer brandstofpryse 'n verskil sal maak. Soos verwag het die SARB die repo-koers onveranderd gehou (8.25%) na afloop van die laaste vergadering van die Monetêre Beleidskomitee vir 2024. Die prima uitleenkoers is dus steeds 11.7%. Die President van die SARB het na afloop van die vergadering gesê inflasie bly 'n risiko, veral aangesien dit in onlangse maande nie veel verander het nie.

Hy het ook gesê hoewel daar vordering is met die voortslepende beurtkragsituasie dit steeds die ekonomie gaan benadeel en dat ekonomiese groei dus nie watwonders gaan wees nie. Seisoensaangepaste kleinhandelverkopesyfers (wat in November bekend gemaak is) toon dat dit vir die eerste keer in 2023 effens gestyg het – 0.9% jaar op jaar. Die graderingsagentskap S&P Global het in November sy gradering van SA onveranderd gehou na dit in Maart van positief na stabiel afgegradeer is. Die agentskap se gradering van SA is drie kerwe laer as beleggingsgraad en met die aankondiging het die agentskap gesê ekonomiese groei gaan traag bly terwyl staatskuld vinniger toeneem as wat verwag is.

SUKKELENDE EKONOMIE DUIDELIK IN VOERTUIGSYFERS

Syfers wat deur Naamsa vrygestel is toon dat 45 075 voertuie in November verkoop is, 9.8% minder as in November 2022. Ná 11 maande staan die totaal op 491 987, op 0.8% net-net hoër as op die ooreenstemmende tyd verlede jaar. Die verwagting is nou dat die totaal van alle verkope vir 2023 nie die voertuigmark gaan terugbring na die vlakke voor Covid nie. 'n Totaal van 536 612 voertuie is in 2019 verkoop en die jaar daarna het dit skerp afgeneem tot 390 206. In 2022 het die mark tot 'n totaal van 529 562 herstel en daar is tot onlangs verwag dat die 2023 totaal hoër as 2019 gaan wees.

Business Day het na die bekendmaking van die syfers berig dat Brandon Cohen, voorsitter van die Nasionale Voertuighandelaarsvereniging, meen die impak van die swak ekonomie is duidelik en dat selfs uiters aantreklike aanbiedinge deur handelaars geen verskil gemaak het nie. Netwerk24 het berig dat verbruikers en besighede nou verkies om alternatiewe krag-stelsels eerder as voertuie aan te koop.

INTERNASIONALE MARKTE **- STEWIGE LOPIE OP INTERNASIONALE MARKTE**

November is dikwels 'n uitstekende maand vir markte en November 2023 het nie teleurgestel nie en die meeste markte het goeie lopies aangeteken. In China was sake egter nie watwonders nie waar die land se sukkelende eiendomsmark en stadige ekonomiese groei beleggerssentiment negatief beïnvloed het. Die MSCI Wêreldindeks was maand op maand 9.4% hoër (+18.6% jaar tot datum) aangesien beleggers van mening is dat die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) rentekoerse onveranderd gaan hou en moontlik sal verlaag in 2024, danksy belowende inflasiedata. Die Fed het die VSA rentekoerse onveranderd gehou na afloop van sy vergadering in November maar die Voorsitter Jerome Powell het beklemtoon dat ekonomiese data baie goed dopgehou sal word vir toekomstige besluite.

VSA inflasie was in Oktober op 3.2% jaar op jaar, laer as wat ontleders verwag het. Kleinhandelverkope het in Oktober vir die eerste keer in sewe maande gedaal (-0.1%). Die indeks wat VSA verbruiksbesteding meet – die Fed se voorkeur aanwyser – het soos verwag in Oktober afgeneem tot 3.5% jaar op jaar, wat tot die Fed se besluit om die rentekoerse onveranderd te hou bygedra het.

Ná drie maande van verliese het VSA markte fluks herstel, gelei deur goeie stygings in die aandeelpryse van die groot tegnologie-maatskappye. Die Dow Jones (+8.8% maand op maand/+8.5% jaar tot datum) het op 30 November 'n nuwe hoogtepunt vir die jaar bereik terwyl die Nasdaq Saamgestelde Indeks en die S&P 500 onder-skeidelik maand op maand 10.7% (+35.9% jaar tot datum) en 8.9% (+19.0% jaar tot datum) hoër gesluit het.

EUROPESE MARKTE SLUIT HOËR

In Europa het die DAX in Duitsland maand op maand 9.5% hoër gesluit (+16.5% jaar tot datum) en die CAC in Frankryk maand op maand 6.2% hoër (+12.9% jaar tot datum). Eurozone inflasie was in Oktober op 2.9% jaar op jaar die laagste in 15 maande (September 4.3% jaar op jaar). Inflasie in Duitsland was in November (2.3% jaar op jaar) die laagste sedert Junie 2021 danksy laer energiepryse (3.0% jaar op jaar in Oktober). Ook in Frankryk lyk die inflasiesyfer beter – Oktober 3.8% jaar op jaar teenoor 4.9% jaar op jaar in September. 'n Voorlopige raming toon dat ekonomiese groei in die Eurozone in die derde kwartaal gekrimp het – die eerste kwartaalike swakker ekonomiese groeisyfer sedert 2020.

Die VK se FTSE-100 het November 1.8% hoër afgesluit (+0.03% jaar tot datum). Danksy laer gas en elektrisiteitspryse het inflasie in die VK in Oktober tot 4.6% jaar op jaar (September 6.7% jaar op jaar) gedaal, die laagste syfer in twee jaar.

Markte in China het teen die wêreldwye neiging nie te wonderlik gevaar nie, grootliks omdat die land se sukkelende ekonomie 'n demper op beleggerssentiment geplaas het. Die aandelepryse van eiendomsmaatskappye wat in Hong Kong genoteer is het verlede maand gedaal na die Chinese regering 'n kriminele ondersoek na een van die laand se grootste finansiële groepe – die skuldbelaaide Zhongzhi Enterprise Group – van stapel gestuur het. Die Hang Seng Indeks in Hong Kong het maand op maand 0.4% laer gesluit (-13.8% jaar tot datum). Die Shanghai Saamgestelde Indeks het net-net hoër gesluit (+0.4% maand op maand/-1.9% jaar tot datum). China se Aankopersindeks vir Vervaadiging (PMI) het verder verswak tot 49.4 teenoor 49.5 in Oktober. In Japan het die Nikkei maand op maand 8.5% hoër gesluit (+28.3% jaar tot datum). Inflasie was in Oktober effens hoër – 2.9% jaar op jaar teenoor 2.8% in September.

Die prys van ru-olie het vir die tweede agtereenvolgende maand gedaal (-5.2% maand op maand) en is jaar tot datum 3.6% laer. Die prys van ystererts het maand op maand met 3.7% gestyg (+10.3% jaar tot datum). Die goudprys het bo die sielkundige vlak van \$2 000 gebly en maand op maand met 2.6% gestyg (+11.6% jaar tot datum). Die platinaprys het maand op maand met 0.8% gedaal en die prys van palladium was maand op maand 10.2% laer.



Die kantore van Brenthurst sluit op 22 Desember 2023 en sal op 8 Januarie 2024 heropen. Enige instruksies rakende beleggings moet nie later nie as Donderdag 14 Desember 2023 met adviseurs gereel word.
Ons beste wense vir 'n vreugdevolle Feesseisoen on 'n voorspoedige nuwejaar.
Ons waardeer jou ondersteuning opreg.

KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD

BRENTHURST KANTORE

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	Claremont	+27 (0) 21 418 1236
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	Bellville	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	Stellenbosch	+27 (0) 21 882 8706
Cape Town Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	Val de Vie Estate	+27 (0) 21 100 3901
George	+27 (0) 82 551 3299	Mauritius	+ 230 484 2175

BRENTHURST SATELLIET KANTORE

KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.